STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

PRYS 10c PRICE
OORSEE 15c OVERSEAS
POSVRY—POST FREE

Registered at the Post Office as a Newspaper

Vol. 50] PRETORIA, 22 AUGUSTUS 22 AUGUST 1969 [No. 2508

AMERICAN CORPORATION OF SOUTH AFRICA RECEIVED LIBRARY

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN ARBEID

No. 3135 22 Augustus 1969

WET OP VAKLEERLINGE, 1944, SOOS GEWYSIG, NASIONALE VAKLEERLINGSKAPKOMITEE VIR DIE DIAMANTSLYPNYWERHEID. — VOORGENOME WYSIGING VAN LEERVOORWAARDES

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, handelende kragtens artikel 16 van die bogemelde Wet, is voornemens om—

(i) Goewermentskennisgewing R. 618 van 19 April 1968 soos toegepas by Goewermentskennisgewing R. 1099 van 21 Junie 1968, te wysig deur klousule 6 daarvan wat betrekking op ambagstoetse het, deur die volgende klousule te vervang:

"6. *Ambagstoetse*

(a) 'n Vakleerling moet so kort moontlik voor die einde van sy tydperk van vakleerlingskap 'n ambagstoets, wat deur die Departement van Arbeid en die Departement van Hoër Onderwys afgeneem word, aflê in die praktyk van die ambag waarvoor hy ingeboek is.

(b) 'n Vakleerling wat die opvoedkundige kwalifikasies wat in onderstaande Bylae gemeld word of gelykwaardige kwalifikasies verwerf het, kan 'n kwalifiserende ambagstoets vrywillig ondergaan in 'n stadium wat nie vroeër mag wees nie as dié in die Bylae hieronder gemeld. 'n Verdere vrywillige toets of toetse kan onderneem word op 'n datum of datums wat deur die Departement van Arbeid en die Departement van Hoër Onderwys bepaal word.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF LABOUR

No. 3135 22 August 1969

APPRENTICESHIP ACT, 1944, AS AMENDED, NATIONAL APPRENTICESHIP COMMITTEE FOR THE DIAMOND CUTTING INDUSTRY.—PROPOSED AMENDMENT OF CONDITIONS OF APPRENTICESHIP

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, acting in terms of section 16 of the above-mentioned Act, propose to—

(i) amend Government Notice R. 618 of 19 April 1968 as applied by Government Notice R. 1099 of 21 June 1968 by the substitution for clause 6 thereof relating to trade tests of the following clause:

"6. *Trade Tests*

(a) An apprentice shall undergo a trade test conducted by the Departments of Labour and of Higher Education as shortly as practicable before the end of his period of apprenticeship in the practice of the trade in which he is indentured.

(b) An apprentice who has attained the educational qualifications scheduled hereunder or equivalents may voluntarily undergo a qualifying trade test at a stage not earlier than that indicated in the Schedule. A further voluntary test or tests may be undertaken on a date or dates to be determined by the Departments of Labour and of Higher Education.

BYLAE

Opvoedkundige kwalifikasies behaal voor of gedurende vakleerlingskap	Toets kan vrywillig afgelê word
GROEP I (a) St.-IX- of gelykwaardige sertifikaat, met Wiskunde as een vak waarin daarin geslaag is (b) Matrikulasie- of gelykwaardige sertifikaat, sonder Wiskunde as 'n vak waarin daar geslaag is (c) Nasionale Senior Sertifikaat (nie-tegnies), sonder Wiskunde as 'n vak waarin geslaag is	na 4½ jaar.
GROEP II (a) Matrikulasie- of gelykwaardige sertifikaat, met Wiskunde as een van die vakke waarin daar geslaag is (b) Nasionale Senior Sertifikaat (nie-tegnies) (Matrikulasievrystelling) met Wiskunde as een van die vakke waarin daar geslaag is (c) Ambagsteorie waarin daar op die peil van Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel II, geslaag is	na 4 jaar.
GROEP III (a) Nasionale Junior Sertifikaat (tegnies), met Werkwinkelpraktyk as een van die vakke waarin daar geslaag is (b) Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel II (c) Nasionale Intermediêre Sertifikaat (Tegnologie) sonder Werkwinkelpraktyk as een van die vakke waarin daar geslaag is	na 3½ jaar.
GROEP IV (a) Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel III (b) Nasionale Intermed êre Sertifikaat (Tegnologie), met Werkwinkelpraktyk as een van die vakke waarin daar geslaag is (c) Nasionale Senior Sertifikaat (Tegnologie), sonder Werkwinkelpraktyk as een van die vakke waarin daar geslaag is	na 3 jaar.
GROEP V Nasionale Senior Sertifikaat (Tegnologie), met Werkwinkelpraktyk as een van die vakke waarin daar geslaag is	na 2½ jaar.

(c) 'n Bedrag van R6 is deur 'n vakleerling betaalbaar ten opsigte van die tweede of enige daaropvolgende kwalifiserende ambagstoets wat op 'n vrywillige grondslag ingevolge hierdie klousule ondergaan word.

(d) 'n Vakleerling wat 'n ambagstoets ingevolge hierdie klousule ondergaan, moet ten opsigte van die tydperk wat bestee word in verband met een vrywillige ambagstoets en die verpligte ambagstoets, sy gewone besoldiging deur sy werkgewer betaal word ten opsigte van dié tydperk van afwesigheid van werk.

(e) 'n Tydperk van afwesigheid van werk met die doel om 'n ambagstoets ingevolge subklousules (a) en (b) van hierdie klousule te ondergaan, word nie geag verlore tyd te wees nie.";

(ii) te bepaal dat die voorwaardes hierbo gemeld, vanaf die datum van voorskrywing daarvan, ook van toepassing is op vakleerlinge wat in diens is in enige ambag wat 'n aangewese ambag is of was in die nywerheid en gebied waarvoor die Nasionale Vakleerlingskapkomitee vir die Diamantslypnywerheid ingestel is.

Alle belanghebbendes wat besware teen bogemelde voornemens het, word aangesê om dié besware skriftelik in te dien by die Sekretaris, Nasionale Vakleerlingskapkomitee vir die Diamantslypnywerheid, Posbus 4560, Johannesburg, binne 30 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

SCHEDULE

Educational qualifications attained prior to or during apprenticeship	Test may be taken voluntarily
GROUP I (a) Std IX or equivalent certificate with Mathematics as one subject of success (b) Matriculation or equivalent certificate without Mathematics as one subject of success (c) National Senior Certificate (non-technical) without Mathematics as one subject of success	After 4½ years.
GROUP II (a) Matriculation or equivalent certificate with Mathematics as one subject of success (b) National Senior Certificate (non-technical) (Matriculation Exemption) with Mathematics as one subject of success (c) Trade Theory pass at National Technical Certificate, Part II, level	After 4 years.
GROUP III (a) National Junior Certificate (technical) with Workshop Practice as one subject of success (b) National Technical Certificate Part II (c) National Intermediate Certificate (Technology) without Workshop Practice as one subject of success	After 3½ years.
GROUP IV (a) National Technical Certificate, Part III (b) National Intermediate Certificate (Technology) with Workshop Practice as one subject of success (c) National Senior Certificate (Technology) without Workshop Practice as one subject of success	After 3 years.
GROUP V National Senior Certificate (Technology) with Workshop Practice as one subject of success	After 2½ years.

(c) A fee of R6 shall be payable by an apprentice in respect of the second or any subsequent qualifying trade test undertaken on a voluntary basis in terms of this clause.

(d) An apprentice undergoing a trade test in terms of this clause shall in respect of the period spent in connection with one voluntary trade test and the compulsory trade test be paid his ordinary remuneration by his employer in respect of such period of absence from work.

(e) A period of absence from work for the purpose of undergoing a trade test in terms of subclauses (a) and (b) of this clause shall not be deemed to be lost time.";

(ii) determine that the conditions set out above shall from the date of prescription thereof also apply to apprentices who are employed in any trade which is or was a designated trade in the Industry and area for which the National Apprenticeship Committee for the Diamond Cutting Industry was established.

All interested persons who have any objections against the above proposals are called upon to lodge such objections, in writing, with the Secretary, National Apprenticeship Committee for the Diamond Cutting Industry, P.O. Box 4560, Johannesburg, within 30 days from the date of publication of this notice.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

No. 3146 22 Augustus 1969

VAKLEERLINGE ORDONNANSIE, 1938, SOOS GEWYSIG (SUIDWES-AFRIKA)

WERKTUIGKUNDIGE EN ELEKTROTEGNIESE INGENIEURSNYWERHEDE.—VOORGENOME AANWYSING VAN BEDRYF EN VOORSKRYWING VAN VOORWAARDES VAN LEERLINGSKAP

Ek, Marais Viljoen, Minster van Arbeid, is voornemens om—

(i) ingevolge artikel 1 van bogemelde Ordonnansie, vir die Werktuigkundige en Elektrotegniese Ingenieursnywerhede die bedryf paswerk (met inbegrip van masjienwerk) aan te wys as 'n bedryf ten opsigte waarvan die bepalings van die Ordonnansie van toepassing is in die gebied Suidwes-Afrika;

(ii) ingevolge artikel 13 van gemelde Ordonnansie die voorwaardes van leerlingskap met betrekking tot beginkwalifikasies vir vakleerlingskap, loonskale, onderwysklasse, klas-/kursus- en eksamengelde, kwalifiserende bedryfstoets en die inhaal van verlore tyd, wat kragtens Goewermentskennisgewing 175 in *Buitengewone Offisiële Koerant van Suidwes-Afrika* 2097 van 4 Julie 1957, soos gewysig by Goewermentskennisgewing 178 in *Offisiële Koerant van Suidwes-Afrika* 2666 van 1 Oktober 1965, voorgeskryf is vir vakleerlinge in die Werktuigkundige en Elektrotegniese Ingenieursnywerhede, en ook die voorwaardes met betrekking tot die tydperk van vakleerlingskap en opleidingskursusse in die Bylae hieronder vermeld, voor te skryf as voorwaardes van leerlingskap ten opsigte van die bedryf, nywerhede en gebied in paragraaf (i) gemeld.

BYLAE

TYDPERK VAN VAKLEERLINGSKAP

Behoudens die voorbehoudsbepalings vervat in Goewermentskennisgewing 175 in *Buitengewone Offisiële Koerant van Suidwes-Afrika* 2097 van 4 Julie 1957 onder die opskrif "Tydperk van Vakleerlingskap", vir sover gemelde opskrif betrekking het op die Meganiese en Elektrotegniese Ingenieursnywerhede, is die tydperk van vakleerlingskap vyf jaar.

OPLEIDINGSKURSUSSE

'n Werkgewer moet 'n vakleerling wat in die bedryf paswerk (met inbegrip van masjienwerk) ingeboek is die praktiese opleiding gee soos hieronder uiteengesit. 'n Vakleerling moet, vir sover doenlik, werk onder die gereelde toesig van 'n ambagsman wat gekwalifiseer is om hom in gemelde bedryf op te lei.

PRAKTIESE OPLEIDING

Eerste Jaar

1. Veiligheidsmaatreëls van toepassing op die bedryf.
2. Gebruik en versorging van handgereedskap.
3. Boorwerk (hand en masjien).
4. Afbeitel, vyl, saag, skraap, ruim, moerdraad en skroefdraad sny.
5. Lees van tekenings en gebruikmaking daarvan.
6. Versorging en gebruik van afmerk- en meetinstrumente.
7. Versorging en gebruik van sny- en vormgereedskap.
8. Slyp van bore en snygereedskap.
9. Eenvoudige werk op die senterdraaibank.
10. Die korrekte gebruik van toevoer en spoed vir verskillende materiale en werkinge.

No. 3146 22 August 1969

APPRENTICESHIP ORDINANCE, 1938, AS AMENDED (SOUTH-WEST AFRICA)

MECHANICAL AND ELECTRICAL ENGINEERING INDUSTRIES.—PROPOSED DESIGNATION OF TRADES AND PRESCRIPTION OF CONDITIONS OF APPRENTICESHIP

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, propose—

(i) in terms of section 1 of the above-mentioned Ordinance to designate for the Mechanical and Electrical Engineering Industries the trade Fitting (including Machining) as a trade in respect of which the provisions of the Ordinance shall apply in the Territory of South-West Africa;

(ii) in terms of section 13 of the said Ordinance to prescribe the conditions of apprenticeship relating to qualifications for commencing apprenticeship, rates of wages, educational classes, class/course and examination fees, qualifying trade test and making up of lost time, prescribed for apprentices in the Mechanical and Electrical Engineering Industries under Government Notice 175 in *Official Gazette Extraordinary of South-West Africa* 2097 of 4 July 1957, as amended by Government Notice 178 in *Official Gazette of South-West Africa* 2666 of 1 October 1965, and also the conditions relating to the period of apprenticeship and training courses set out in the Schedule hereunder, as conditions of apprenticeship in respect of the trade, industries and area specified in paragraph (i).

SCHEDULE

PERIOD OF APPRENTICESHIP

Subject to the provisos contained in Government Notice 175 appearing in *Official Gazette Extraordinary of South-West Africa* 2097 of 4 July 1957 under the heading "Period of Apprenticeship", in so far as the said heading relates to the Mechanical and Electrical Engineering Industries, the period of apprenticeship shall be five years.

TRAINING COURSES

An employer shall give an apprentice indentured in the trade Fitting (including Machining) the practical training indicated hereunder. An apprentice shall, as far as practicable, work under the regular supervision of an artisan qualified to train him in the said trade.

PRACTICAL TRAINING

First Year

1. Safety precautions applicable to the trade.
2. Use and care of hand tools.
3. Drilling (hand and machine).
4. Chipping, filing, sawing, scraping, reaming, tapping and screwing.
5. Reading of drawings and application thereof.
6. Care and use of marking off and measuring instruments.
7. Care and use of cutting and forming tools.
8. Grinding of drills and cutting tools.
9. Simple centre lathe work.
10. The correct use of feeds and speeds for different materials and operations.

Tweede tot Vierde Jaar

1. Pas van onderdele.
2. Maak van onderdele volgens tekenings.
3. Algemene paswerkpraktyk met inbegrip van montering.
4. Herstel en onderhoud van masjinerie en uitrusting.
5. Werk met sterkarmskaafmasjiene.
6. Werk met gleufmasjiene.

Vyfde Jaar

Hersiening en onafhanklike werk.

Alle belanghebbende persone wat enige beswaar teen bogmelde voornemens het, word aangesê om sodanige besware skriftelik in te dien by die Sekretaris, Sentrale Vakleerlingskapkomitee, Posbus 1885, Windhoek, binne 14 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

No. 3147 22 Augustus 1969

VAKLEERLINGE ORDONNANSIE, 1938, SOOS GEWYSIG (SUIDWES-AFRIKA)

MYNNYWERHEID.—VOORGENOME AANWYSING VAN BEDRYF EN VOORSKRYWING VAN VOORWAARDES VAN LEERLINGSKAP

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, is voornemens om—

(i) ingevolge artikel 1 van bogemelde Ordonnansie, vir die Mynnywerheid die bedryf draaiwerk (met inbegrip van masjienwerk) aan te wys as 'n bedryf ten opsigte waarvan die bepalings van die Ordonnansie van toepassing is in die Gebied Suidwes-Afrika;

(ii) ingevolge artikel 13 van gemelde Ordonnansie die voorwaardes van leerlingskap met betrekking tot beginkwalifikasies vir vakleerlingskap, loonskale, onderwysklasse, klas-/kursus- en eksamengelde, kwalifiserende bedryfstoets en die inhaal van verlore tyd, wat kragtens Goewermentskennisgewing 175 in *Buitengewone Offisiële Koerant van Suidwes-Afrika* 2097 van 4 Julie 1957, soos gewysig by Goewermentskennisgewing 178 in *Offisiële Koerant van Suidwes-Afrika* 2666 van 1 Oktober 1965, voorgeskryf is vir vakleerlinge in die Mynnywerheid, en ook die voorwaardes met betrekking tot die tydperk van vakleerlingskap en opleidingskursusse in die Bylae hieronder vermeld, voor te skryf as voorwaardes van leerlingskap ten opsigte van die bedryf, nywerheid en gebied in paragraaf (i) gemeld.

BYLAE

TYDPERK VAN VAKLEERLINGSKAP

Behoudens die voorbehoudsbepalings vervat in Goewermentskennisgewing 175 in *Buitengewone Offisiële Koerant van Suidwes-Afrika* 2097 van 4 Julie 1957 onder die opskrif "Tydperk van Vakleerlingskap", vir sover gemelde opskrif betrekking het op die Mynnywerheid, is die tydperk van vakleerlingskap vyf jaar.

OPLEIDINGSKURSUSSE

'n Werkgewer moet 'n vakleerling wat in die bedryf draaiwerk (met inbegrip van masjienwerk) ingeboek is, die praktiese opleiding gee soos hieronder uiteengesit. 'n Vakleerling moet, vir sover doenlik, werk onder die gereelde toesig van 'n ambagsman wat gekwalifiseer is om hom in gemelde bedryf op te lei.

Second to Fourth Year

1. Fitting of components.
2. Making of parts to drawings.
3. General fitting practice including assembly.
4. Repair and maintenance of machinery and equipment.
5. Operation of shaping machines.
6. Operation of slotting machines.

Fifth Year

Revision and independent work.

All interested persons who have any objections against the above proposals are called upon to lodge such objections, in writing, with the Secretary, Central Apprenticeship Committee, P.O. Box 1885, Windhoek, within 14 days from the date of publication of this notice.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

No. 3147 22 August 1969

APPRENTICESHIP ORDINANCE, 1938, AS AMENDED (SOUTH-WEST AFRICA)

MINING INDUSTRY.—PROPOSED DESIGNATION OF TRADE AND PRESCRIPTION OF CONDITIONS OF APPRENTICESHIP

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, propose—

(i) in terms of section 1 of the above-mentioned Ordinance to designate for the Mining Industry the trade turning (including machining) as a trade in respect of which the provisions of the Ordinance shall apply in the Territory of South-West Africa.

(ii) in terms of section 13 of the said Ordinance to prescribe the conditions of apprenticeship relating to qualifications for commencing apprenticeship, rates of wages, educational classes, class/course and examination fees, qualifying trade test and making up of lost time, prescribed for apprentices in the Mining Industry under Government Notice 175 in *Official Gazette Extraordinary of South-West Africa* 2097 of 4 July 1957 as amended by Government Notice 178 in *Official Gazette of South-West Africa* 2666 of 1 October 1965, and also the conditions relating to the period of apprenticeship and training courses set out in the Schedule hereunder, as conditions of apprenticeship in respect of the trade, Industry and area specified in paragraph (i).

SCHEDULE

PERIOD OF APPRENTICESHIP

Subject to the provisos contained in Government Notice 175 appearing in *Official Gazette Extraordinary of South-West Africa* 2097 of 4 July 1957 under the heading "Period of Apprenticeship", in so far as the said heading relates to the Mining Industry, the period of apprenticeship shall be five years.

TRAINING COURSES

An employer shall give an apprentice indentured in the trade turning (including machining) the practical training indicated hereunder. An apprentice shall, as far as practicable, work under the regular supervision of an artisan qualified to train him in the said trade.

PRAKTIESE OPLEIDING

Eerste Jaar

1. Veiligheidsmaatreëls van toepassing op die bedryf.
2. Versorging en gebruik van sny- en vormgereedskap.
3. Versorging en gebruik van meetgereedskap en -instrumente.
4. Slyp van bore en gereedskap.
5. Eenvoudige werk op die senterdraaibank.
6. Werk met boor- en vormmasjiene.
7. Lees van tekenings en gebruikmaking daarvan.
8. Die korrekte gebruik van toevoer en spoed vir verskillende materiale en werkinge.

Tweede tot Vierde Jaar

1. Gevorderde werk op die senterdraaibank.
2. Interne en eksterne skroefdraadsnywerk.
3. Meervoudige skroefdrade.
4. Verskillende soorte skroefdrade.
5. Gebruik van spesiale gereedskap en setmate.
6. Opstel van werk en gebruik van stelplaat.
7. Interne en eksterne tapsdraaiwerk.
8. Werk op freesmasjiene met gebruikmaking van hegstukke.

Vyfde Jaar

Hersiening en onafhanklike werk.

Alle belanghebbende persone wat enige beswaar teen bogemelde voornemens het, word aangesê om sodanige besware skriftelik in te dien by die Sekretaris, Sentrale Vakleerlingskapkomitee, Posbus 1885, Windhoek, binne 14 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

No. 3159 22 Augustus 1969

WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSWET, 1966

AANSTELLING VAN EISEBEAMPTE

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, stel hierby kragtens die bepalings van artikel 26 van die Werkloosheidversekeringswet, 1966 (Wet 30 van 1966), die beampte wie se naam in Bylae A hiervan voorkom, as eisebeampte aan met regsbevoegdheid in die gebiede wat daarin genoem word.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

BYLAE A

Naam van beampte	*Regsgebied*
Wynand Charl Malan Roos	Die provinsie Oranje-Vrystaat, uitgesonderd die landdrosdistrikte Heilbron, Sasolburg, Parys en Vredefort.

No. 3170 22 Augustus 1969

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956, SOOS GEWYSIG

LIDMAATSKAP.—NYWERHEIDSHOF

Die aanstelling van mnr. Johannes Hendrik Barnard as 'n lid van die Nywerheidshof, ingestel ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening (Wet 28 van 1956), word hierby vir algemene inligting bekendgemaak.

PRACTICAL TRAINING

First Year

1. Safety precautions applicable to the trade.
2. Care and use of cutting and forming tools.
3. Care and use of measuring tools and instruments.
4. Grinding of drills and tools.
5. Simple centre lathe work.
6. Operation of drilling and shaping machines.
7. Reading of drawings and application thereof.
8. The correct use of feeds and speeds for different materials and operations.

Second to Fourth Year

1. Advanced centre lathe work.
2. Internal and external screw cutting.
3. Multiple start threads.
4. Different types of threads.
5. Use of special tools and jigs.
6. Setting up of work and use of face plate.
7. Internal and external taper turning.
8. Operation of milling machines including the use of attachments.

Fifth Year

Revision and independent work.

All interested persons who have any objections against the above proposals are called upon to lodge such objections, in writing, with the Secretary, Central Apprenticeship Committee, P.O. Box 1885, Windhoek, within 14 days from the date of publication of this notice.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

No. 3159 22 August 1969

UNEMPLOYMENT INSURANCE ACT, 1966

APPOINTMENT OF CLAIMS OFFICER

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby in terms of section 26 of the Unemployment Insurance Act, 1966 (Act 30 of 1966), appoint the officer whose name appears in Schedule A hereto as claims officer with jurisdiction in the areas specified therein.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

SCHEDULE A

Name of officer	*Area of jurisdiction*
Wynand Charl Malan Roos	The Province of the Orange Free State, except the Magisterial Districts of Heilbron, Sasolburg, Parys and Vredefort.

No. 3170 22 August 1969

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956, AS AMENDED

MEMBERSHIP.—INDUSTRIAL TRIBUNAL

The appointment of Mr Johannes Hendrik Barnard as a member of the Industrial Tribunal, established in terms of the Industrial Conciliation Act (Act 28 of 1956), is hereby notified for general information.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING

No. 3149 22 Augustus 1969

VERANDERING VAN DIE GRENSE VAN DIE GEBIED VAN DIE CELE-STAM EN DIE VUKUZITHATE-STAMOWERHEID.—DISTRIK ALFRED

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 2 van die Wet op Bantoeowerhede, 1951 (Wet 68 van 1951), en by artikel 5 (1) (a) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van Goewermentskennisgewing 1027 van 21 Julie 1967 ooreenkomstig bygaande Bylae.

F53/1251/1

BYLAE

Vervang paragraaf (b) van die Bylae deur die volgende paragraaf:—

"(b) Daardie gedeelte van Lokasie 3 wat soos volg begrens is:—

Begin by die noordoostelike baken van Moguntiapolisieposperseel 88 in Lokasie 3; daarvandaan in 'n algemeen oostelike rigting met die grense van die volgende plase langs sodat hulle uit die gebied van die Stamowerheid uitgesluit word: Moguntia 7019, B van Glenalvon (No. 2) 7021, A van Glenalvon (No. 2) 5906, K.K. 5434, B van J.B. 5347, High Green 6950, B van St. Helena 9730 en A van St. Helena 10812, tot by die suidoostelike baken van laasgenoemde plaas; daarvandaan in 'n suidwestelike rigting tot by baken E.16 geleë in Lokasie 3 en 10 jaarts ten suide van die Izingolweni – Port Shepstone-spoorweglyn; daarvandaan in 'n suidelike rigting tot by bakens C B 15, C B 14 en C B 13; daarvandaan in 'n suidoostelike rigting tot by baken C B 12; daarvandaan in 'n suidelike rigting tot by bakens C B 11 en C B 10; daarvandaan in 'n westelike rigting tot by baken 9; daarvandaan in 'n noordwestelike rigting tot by bakens 8 en 7; daarvandaan reg suid tot by bakens 6, 5, en C X 4; daarvandaan in 'n suidelike rigting aan die oostelike kant van die Izingolweni – Port Edward-hoofweg tot by baken W G R 3; daarvandaan in 'n suidoostelike rigting tot by die baken C X 2 geleë aan die oostelike kant van genoemde hoofweg; daarvandaan in 'n suidelike rigting met die oostelike kant van genoemde hoofweg langs tot by baken C X 1 geleë 30 voet aan die oostelike kant van genoemde hoofweg op die gemeenskaplike grens van Lokasie 3 en die plaas Eden 7286; daarvandaan in 'n algemeen suidelike en westelike rigting met die grense van die volgende plase langs sodat hulle uit die gebied van die Stamowerheid uitgesluit word: Eden 7286, Coniston 10749, Coniston A 9485, Ezansi en Edwaleni 9804 tot by die noordwestelike baken van laasgenoemde plaas aan die Umtamvunarivier; daarvandaan met die Umtamvunarivier op tot by sy samevloeiing met die Ishongwaspruit; daarvandaan met die Ishongwaspruit op tot by baken 3 by sy oorsprong; daarvandaan in 'n reguit lyn weswaarts tot by baken 4; daarvandaan in 'n algemeen noordelike rigting in 'n reguit lyn tot by baken 5; daarvandaan in 'n algemeen noordelike rigting in 'n reguit lyn tot by die suidwestelike baken van die Moguntia-polisieposperseel 88; daarvandaan met die suidelike en oostelike grense van genoemde perseel langs sodat dit uit die gebied van die Stamowerheid uitgesluit word; daarvandaan tot by die beginpunt, met inbegrip van onderverdeling 5 van die plaas Izingolweni 3613 (wat op die Suid-Afrikaanse Bantoetrust oorgegaan het), maar uitgesonderd die restant van die plaas Izingolweni 3613 (waarvan die eiendomsreg by Blankes berus)."

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT

No. 3149 22 Augustus 1969

MODIFICATION OF THE BOUNDARIES OF THE AREA OF THE CELE TRIBE AND VUKUZITHATE TRIBAL AUTHORITY.—DISTRICT OF ALFRED

The State President has been pleased, in terms of the powers vested in him by section 2 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act 68 of 1951), and by section 5 (1) (a) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927), to approve the amendment of Government Notice 1027, dated 21 July 1967, in accordance with the accompanying Schedule.

F53/1251/1

SCHEDULE

Substitute the following paragraph for paragraph (b) of the Schedule:—

"(b) That portion of Location 3 bounded as follows:—

From the north-eastern beacon of Moguntia Police Post Allotment 88 in Location 3; thence in a generally easterly direction along the boundaries of the following farms so as to exclude them from the area of the Tribal Authority: Moguntia 7019, B of Glenalvon (No. 2) 7021, A of Glenalvon (No. 2) 5906, K.K. 5434, B of J.B. 5347, High Green 6950, B of St Helena 9730 and A of St Helena 10812 to the south-eastern beacon of the last-named farm; thence in a south-westerly direction to beacon E.16 situate in Location 3 and 10 yards to the south of the Izingolweni–Port Shepstone railway line; thence in a southerly direction to beacons C B 15, C B 14 and C B 13; thence in a south-easterly direction to beacon C B 12; thence in a southerly direction to beacons C B 11 and C B 10; thence in a westerly direction to beacon 9; thence in a north-westerly direction to beacons 8 and 7; thence due south to beacons 6, 5 and C X 4; thence in a southerly direction on the eastern side of the Izingolweni–Port Edward main road to beacon W G R 3; thence in a south-easterly direction to beacon C X 2 situate on the eastern side of the said main road; thence in a southerly direction along the eastern side of the said main road to beacon C X 1 situate 30 feet on the eastern side of the said main road on the boundary common to Location 3 and the farm Eden 7286; thence in a generally southerly and westerly direction along the boundaries of the following farms so as to exclude them from the area of the Tribal Authority: Eden 7286, Coniston 10749, Coniston A 9485, Ezansi and Edwaleni 9804 to the north-western beacon of the last-named farm on the Umtamvuna River, thence upstream along the Umtamvuna River to its confluence with the Ishongwa Stream; thence upstream along the Ishongwa Stream to beacon 3 at its source; thence westwards in a straight line to beacon 4; thence in a generally northerly direction in a straight line to beacon 5; thence in a generally northerly direction in a straight line to the south-western beacon of the Moguntia Police Post Allotment 88; thence along the southern and eastern boundaries of the said Allotment so as to exclude it from the area of the Tribal Authority; thence to the point of beginning, including subdivision 5 of the farm Izingolweni 3613 (vested in South African Bantu Trust), but excluding the remainder of the farm Izingolweni 3613 (the ownership of which is vested in Whites)."

No. 3148 22 Augustus 1969

OOREENKOMS TUSSEN DIE AFDELINGSRAAD VAN HUMANSDORP EN DIE MUNISIPALITEIT VAN KAREEDOUW

Hierby word kragtens artikel 40 (5) van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet 25 van 1945), vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling kragtens artikel 40 (1) van genoemde Wet goedkeuring verleen het aan 'n ooreenkoms aangegaan deur en tussen die Afdelingsraad van Humansdorp en die Munisipaliteit van Kareedouw, wat onderteken is namens die Afdelingsraad van Humansdorp en namens Munisipaliteit van Kareedouw op 1 April 1969 en waarby die Afdelingsraad van Humansdorp onderneem om namens die Munisipaliteit van Kareedouw en binne die stadsgebied en voorgeskrewe gebied van die Munisipaliteit van Kareedouw uitvoering te gee aan die bepalings van genoemde Wet, asook aan die bepalings van die Wet op Bantoe-arbeid, 1964 (Wet 67 van 1964), en aan enige regulasies daarkragtens uitgevaardig.

(Lêer A1/1967)

No. 3148 22 August 1969

AGREEMENT BETWEEN THE DIVISIONAL COUNCIL OF HUMANSDORP AND THE MUNICIPALITY OF KAREEDOUW

Notice is hereby given for general information in terms of section 40 (5) of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act 25 of 1945), that the Minister of Bantu Administration and Development has, in terms of section 40 (1) of the said Act, approved an agreement entered into by and between the Divisional Council of Humansdorp and the Municipality of Kareedouw, which was signed on behalf of the Divisional Council of Humansdorp and on behalf of the Municipality of Kareedouw on 1 April 1969 and whereby the Divisional Council of Humansdorp undertakes to give effect, on behalf of the Municipality of Kareedouw and within the urban area and prescribed area of the Municipality of Kareedouw, to the provisions of the said Act, as well as to the provisions of the Bantu Labour Act, 1964 (Act 67 of 1964), and to any regulations promulgated thereunder.

(File A1/1967)

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 3136 22 Augustus 1969

ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE.—WYSIGING VAN LYS

Hierby word bekendgemaak dat die verbod op die invoer en verspreiding in die Republiek van die ondergenoemde publikasie opgehef is:—

"Coming up for Air", George Orwell.

Goewermentskennisgewing 1530 van 19 September 1957 word dienooreenkomstig gewysig.

J. J. KRUGER, Voorsitter, Raad van Beheer oor Publikasies.

DEPARTMENT OF THE INTERIOR

No. 3136 22 August 1969

UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS.—AMENDMENT OF LIST

Notice is hereby given that the prohibition on the importation into and circulation in the Republic of the undermentioned publication has been lifted:—

"Coming up for Air", George Orwell.

Government Notice 1530 of 19 September 1957 is amended accordingly.

J. J. KRUGER, Chairman, Publications Control Board.

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPSBOU

No. 3160 22 Augustus 1969

TOEVOEGING AAN DIE LYS WAARUIT DIE EERSTE BYLAE TOT DIE SLUMSWET, 1934 (WET 53 VAN 1934) BESTAAN

Hiermee word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Gemeenskapsbou kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 1 (3) van die Slumswet, 1934 (Wet 53 van 1934) goedgekeur het dat die dorp Amsterdam vanaf die datum van publikasie hiervan aan die lys waaruit die Eerste Bylae tot genoemde Wet bestaan, toegevoeg word.

DEPARTMENT OF COMMUNITY DEVELOPMENT

No. 3160 22 August 1969

ADDITION TO THE LIST OF WHICH THE FIRST SCHEDULE TO THE SLUMS ACT, 1934 (ACT 53 OF 1934) CONSISTS

It is hereby notified for general information that the Minister of Community Development, under the powers vested in him by section 1 (3) of the Slum Act, 1934 (Act 53 of 1934) has approved that the Town of Amsterdam as from the date of publication hereof be added to the list of which the First Schedule to the said Act consists.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. 3155 22 Augustus 1969

INSTELLING VAN 'N HOF TE ATTERIDGEVILLE, DISTRIK PRETORIA

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 (e) van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944), bepaal ek, Petrus Cornelius Pelsel, Atteridgeville as 'n plek, benewens Pretoria, die landdrossetel, waar hofsittings gehou kan word.

P. C. PELSER, Minister van Justisie.

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. 3155 22 August 1969

ESTABLISHMENT OF A COURT AT ATTERIDGEVILLE, DISTRICT OF PRETORIA

Under and by virtue of the powers vested in me by section 2 (e) of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act 32 of 1944), I, Petrus Cornelius Pelser, appoint Atteridgeville, as a place for the holding of a court in addition to Pretoria, the seat of magistracy.

P. C. PELSER, Minister of Justice.

No. 3162 22 Augustus 1969

TOELATING VAN ADVOKATE.—AANSTELLING VAN LID VAN SPESIALE KOMITEE

Ingevolge reël 3 van die Hofreëls by Goewermentskennisgewing R. 588 van 29 April 1960 afgekondig, stel ek hierby prof. P. J. J. Olivier van Bloemfontein aan as lid van die spesiale komitee vir die afneem van die eksamen in artikel 2 van die Toelating van Advokaten Wet, 1921 (Wet 19 van 1921), genoem, in die plek van prof. dr. H. R. Hahlo.

L. C. STEYN, Hoofregter.

No. 3162 22 Augustus 1969

ADMISSION OF ADVOCATES.—APPOINTMENT OF MEMBER OF SPECIAL COMMITTEE

In terms of rule 3 of the Rules of Court published under Government Notice R. 588, dated 29 April 1960, I do hereby appoint Prof. P. J. J. Olivier of Bloemfontein a member of the special committee for conducting the examination referred to in section 2 of the Admission of Advocates Act, 1921 (Act 19 of 1921), *vice* Prof. Dr H. R. Hahlo.

L. C. STEYN, Chief Justice.

ADMINISTRASIE VAN KLEURLINGSAKE

No. 3171 22 Augustus 1969

WET OP ONDERWYS VIR KLEURLINGE, 1963

OORDRAG VAN STAATSONDERSTEUNDE SKOOL

Die Minister van Kleurlingsake het kragtens bevoegdheid hom verleen by artikel 5 (1) van die Wet op Onderwys vir Kleurlinge, 1963 (Wet 47 van 1963), besluit dat die bestuur van en beheer oor die Teske Gedenk N.G.K. Laerskool, Beaufort-Wes, aan die Administrasie van Kleurlingsake oorgedra word met ingang van 1 September 1969.

ADMINISTRATION OF COLOURED AFFAIRS

No. 3171 22 August 1969

COLOURED PERSONS EDUCATION ACT, 1963

TRANSFER OF STATE-AIDED SCHOOL

The Minister of Coloured Affairs has by virtue of the powers vested in him by section 5 (1) of the Coloured Persons Education Act, 1963 (Act 47 of 1963), decided that the management and control of the Teske Memorial D.R.C. Primary School, Beaufort West, be transferred to the Administration of Coloured Affairs with effect from 1 September 1969.

DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE

No. 3163 22 Augustus 1969

PROKLAMERING VAN 'N GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), proklameer ek, Johannes Petrus van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die Offisiersmenasie in die Militêre Kamp, Wynberg, as 'n gedenkwaardigheid.

Beskrywing

Die gebou bekend as die Offisiersmenasie, geleë op die restant van kroongrond bekend as Lot Wynberg Camp by Wynberg, afdeling Kaap (tans bekend as restant van Erf 66047, Kaapstad by Wynberg), en groot (as sodanig) 52 morg 410 vierkante roede 16 vierkante voet. (Kaart 170/1885 weggelê met die registrasieduplikaat van Kaapse Eiendomsbriewe, band 18, bladsy 34, gedateer 21 Junie 1886).

Historiese Belang

Die Offisiersmenasie is ongeveer in 1880 of vroeër gebou en is die middelpunt van die Wynbergse militêre kamp wat reeds in 1797 bestaan het.

J. P. VAN DER SPUY, Minister van Nasionale Opvoeding.

DEPARTMENT OF CULTURAL AFFAIRS

No. 3163 22 August 1969

PROCLAMATION OF A MONUMENT

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National Education, hereby proclaim the Officers' Mess in the Military Camp, Wynberg, to be a monument.

Description

The building known as the Officers' Mess, situate on the remainder of crown land known as Lot Wynberg Camp at Wynberg, Cape Division (now known as remainder of Erf 66047, Cape Town at Wynberg) and measuring (as such) 52 morgen 410 square roods 16 square feet. (Diagram 170/1885 filed with the registration duplicate of Cape Freeholds, Volume 18, page 34, dated 21 June 1886).

Historical Interest

The Officers' Mess was built about 1880 or earlier, and is the heart of the Wynberg Military Camp which already existed in 1797.

J. P. VAN DER SPUY, Minister of National Education.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE

No. 3157 22 Augsutus 1969

VERLENGING VAN PROSPEKTEER-TOEKENNING M46/3/137

Die Adjunk-minister van Mynwese, handelende namens die Minister van Mynwese, het kragtens artikel 60 (1) (b) van die Ordonnansie op Myne, Bedrywe en Minerale, 1968 (Ordonnansie 20 van 1968), van Suidwes-Afrika, Prospekteertoekenning M46/3/137 ten gunste van S.W.A. Kopermaatskappy (Edms.) Bpk. vir 'n tydperk van twee jaar wat op 26 Junie 1971 eindig, verleng.

DEPARTMENT OF MINES

No. 3157 22 August 1969

EXTENSION OF PROSPECTING GRANT M46/3/137

The Deputy Minister of Mines, acting on behalf of the Minister of Mines, has, in terms of section 60 (1) (b) of the Mines, Works and Minerals Ordinance, 1968 (Ordinance 20 of 1968), of South-West Africa, extended Prospecting Grant M46/3/137 in favour of S.W.A. Kopermaatskappy (Edms.) Bpk., for a period of two years ending 26 June 1971.

DEPARTEMENT VAN NYWERHEIDSWESE

No. 3161 22 Augustus 1969

ONDERSOEK NA DIE NYWERHEID WAT SEKERE SOORTE MASJIENGEREEDSKAP IN DIE REPUBLIEK VERVAARDIG

Hierby word bekendgemaak dat die Minister van Ekonomiese Sake kragtens artikel 9 (1) van die Wet op die Raad van Handel en Nywerheid, No. 19 van 1944, die Raad van Handel en Nywerheid opdrag gegee het om ondersoek in te stel na, en verslag te doen oor, die nywerheid in die Republiek wat die vervaardiging van masjiengereedskap van 'n soort gewoonlik gebruik by metaalwerk (maar uitgesonderd handgereedskap) onderneem, en sy ekonomiese betekenis vir die land, met spesiale verwysing na die volgende aspekte:—

(1) Die bepaalde kenmerke en die omvang van die bedryfstak;

(2) die tipes masjiengereedskap van bevredigende gehalte wat tans op 'n ekonomiese grondslag in die Republiek vervaardig word of waarskynlik in die nabye toekoms vervaardig sal word;

(3) die huidige mate van plaaslike vervaardiging van die verskillende tipes masjiengereedskap en, in die mate wat van ingevoerde onderdele gebruik gemaak word, die omstandighede wat meer volledige plaaslike vervaardiging beperk;

(4) die aard en omvang van buitelandse konkurrensie en die mededingingsvermoë van die plaaslike fabrikante van dergelike masjiengereedskap;

(5) die mate van plaaslike konkurrensie by firmas wat die plaaslike vervaardiging en bemarking van sodanige masjiengereedskap onderneem;

(6) enige owerheidsmaatreëls (met inbegrip van tariefbeskerming en bykomende staatsvoorkeure) wat wenslik en doenlik geag word ten behoewe van die bedryfstak en sy verdere ontwikkeling, met inagneming van die uitwerking van enige sodanige maatreëls op verbruikersnywerhede en staatsfinansies; en

(7) enige ander aspek van aktuele belang rakende die nywerheid.

Belanghebbende instansies word versoek om binne agt weke na die publikasiedatum van hierdie kennisgewing hulle vertoë in hierdie verband aan die Sekretaris, Raad van Handel en Nywerheid, Privaatsak 342, Pretoria, te rig.

J. J. A. LOMBAARD, Sekretaris, Raad van Handel en Nywerheid.

DEPARTMENT OF INDUSTRIES

No. 3161 22 August 1969

INVESTIGATION INTO THE INDUSTRY MANUFACTURING CERTAIN KINDS OF MACHINE TOOLS IN THE REPUBLIC

Notice is hereby given that the Minister of Economic Affairs has, in terms of section 9 (1) of the Board of Trade and Industries Act, No. 19 of 1944, directed the Board of Trade and Industries to inquire into and report on the industry in the Republic undertaking the manufacture of machine tools of a kind commonly used in metal-work (but excluding hand tools) and its economic significance to the country, with special reference to the following aspects:—

(1) The particular features and the size of the industry;

(2) the types of machine tools of a satisfactory quality which are at present manufactured in the Republic on an economic basis or which are likely to be so manufactured in the near future;

(3) the current extent of local manufacture of the different types of machine tools and, in so far as use is made of imported parts, the circumstances restricting more complete local manufacture;

(4) the nature and scope of foreign competition and the competitive ability of the local manufacturers of similar machine tools;

(5) the extent of local competition among firms undertaking the local manufacture and marketing of such machine tools;

(6) any government measures (including tariff protection and additional government preferences) deemed desirable and feasible for the industry and its further development, with due consideration of the effect of any such measures on consumer industries and State finance; and

(7) any other aspect of current importance affecting the industry.

Interested parties are invited to submit the representations in this connection to the Secretary, Board of Trade and Industries, Private Bag 342, Pretoria, within eight weeks of the date of publication of this notice.

J. J. A. LOMBAARD, Secretary, Board of Trade and Industries.

DEPARTEMENT VAN POS-EN-TELEGRAAFWESE

DEPARTMENT OF POSTS AND TELEGRAPHS

No. 3156

22 Augustus/August 1969

STAAT VAN INKOMSTE EN UITGAWE : JUNIE 1969
STATEMENT OF REVENUE AND EXPENDITURE : JUNE, 1969

	Begroting Estimates 1969–70	Junie June 1969	Totaal April–Junie Total April–June 1969	
Inkomste	R	R	R	*Revenue*
Posdienste	41,702,000	3,436,996	9,703,150	Postal Services.
Telekommunikasiedienste	130,468,000	9,633,249	30,741,896	Telecommunication Services.
Totaal....R	172,170,000	13,070,245	40,445,046	Total.
Uitgawe				*Expenditure*
Bedryfsuitgawe—				Working Expenditure—
Pos-en-Telekommunikasiedienste	154,939,000	10,573,750	29,997,197	Postal and Telecommunication Services.
Kapitaaluitgawe—				Capital Expenditure—
Posdienste	730,700	356	2,096	Postal Services.
Telekommunikasiedienste	52,302,000	2,953,122	8,110,862	Telecommunication Services.
Aankoop van grond	600,000	48,612	106,331	Purchase of Land.
Geboue	7,618,950	366,632	921,693	Buildings.
Leningsdelgings	*7,007,000	—	—	Redemption of Loans.
Behuising	1,050,000	94,897	146,741	Housing.
Aankoop van Durbankorporasietelefoonstelsel	18,800,000	—	3,000,000	Purchase of Durban Corporation Telephone System.
Totaal....R	88,108,650	3,463,619	12,287,723	Total.

* Betalings geskied halfjaarliks/Payments are made half-yearly.

No. 3158 22 Augustus 1969

SERTIFIKATE VAN BEKWAAMHEID IN RADIOTELEGRAFIE

Die volgende eksamens vir Sertifikate van Bekwaamheid in Radiotelegrafie wat deur die Posmeester-generaal uitgereik word, sal soos volg afgeneem word:—

RADIOTELEGRAFIE (SEEVAART).
KLAS I.
(Eksamengeld: R6).

Onderwerp	*Datum*	*Tyd*
Elektrisiteit en Magnetisme	17/11/69	7 nm.–9 nm.
Tegniese Radiotelegrafie	18/11/69	7 nm.–10 nm.
Diensregulasies, Prosedures en Roetes	19/11/69	7 nm.–8.30 nm.

RADIOTELEGRAFIE (SEEVAART).
KLAS II.
(Eksamengeld: R5.)

Onderwerp	*Datum*	*Tyd*
Elektrisiteit en Tegniese Radiotelegrafie	18/11/69	7 nm.–10 nm.
Diensregulasies, Prosedures en Roetes	19/11/69	7 nm.–8.30 nm.

Reëlings kan getref word om kandidate in staat te stel om die teoretiese eksamens op enige gerieflike plek af te lê, maar die praktiese manipulasietoetse kan slegs op plekke waar daar geskikte fasiliteite bestaan, afgeneem word.

Eksamenleerplanne en aansoekvorms is van die Posmeester-generaal (Telekommunikasieafdeling, Somersetgebou), Pretoria verkrygbaar. Inskrywings moet bogenoemde adres voor of op 10 September 1969 bereik en moet vergesel wees van 'n kwitansie wat aandui dat die eksamengeld by die plaaslike poskantoor betaal is.

No. 3158 22 August 1969

CERTIFICATE OF PROFICIENCY IN RADIOTELEGRAPHY

The next examination for Certificates of Proficiency in Radiotelegraphy issued by the Postmaster General, will be held as indicated hereunder:—

RADIOTELEGRAPHY (MARINE)
CLASS I
(Examination fee: R6)

Subject	*Date*	*Time*
Electricity and Magnetism	17/11/69	7 p.m.–9 p.m.
Technical Radio Telegraphy	18/11/69	7 p.m.–10 p.m.
Service Regulations Procedure and Routes	19/11/69	7 p.m.–8.30 p.m.

RADIOTELEGRAPHY (MARINE)
CLASS II
(Examination fee: R5).

Subject	*Date*	*Time*
Electricity and Technical Radio telegraphy	18/11/69	7 p.m.–10 p.m.
Service Regulations, Procedure and Routes	19/11/69	7 p.m.–8.30 p.m.

Arrangements can be made to enable candidates to write the theoretical examinations at any convenient centre, but the practical manipulative tests will need to be conducted at centres where suitable facilities exist.

Examination syllabi and application forms are obtainable from the Postmaster General (Telecommunications Division, Somerset House), Pretoria. All entries, which should reach the above address on or before 10 September 1969, must be accompanied by a receipt indicating that the prescribed fee has been paid at the local post office.

DEPARTEMENT VAN WATERWESE

No. 3042 8 Augustus 1969

KENNISGEWING VAN ONTEIENING OF TOEEIENING VAN REGTE KRAGTENS ARTIKEL 60 (2) (a) (ii) VAN DIE WATERWET, 1956 (WET 54 VAN 1956), SOOS GEWYSIG BY WET 71 VAN 1965

Hierby word kragtens die bepalings van artikel 60 (2) (a) (ii) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), soos gewysig, bekendgemaak dat die Minister van Waterwese, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel 60 van genoemde Wet, besluit het om die volgende regte op die grond hieronder genoem te onteien of toe te eien in verband met die Olifantsrivierstaatswaterskema.

Die Kennisgewing van Onteiening of Toeëiening van die regte is per geregistreerde brief gedateer 16 Julie 1969 aan die geregistreerde eienaar beteken en genoemde regte gaan drie maande na die datum waarop die kennisgewing die eienaar bereik, op die Staat oor.

Beskrywing van grond	*Regte onteien of toegeëien*
1. Gedeelte 104 (gedeelte van Gedeelte 72) van Bird Field 306, groot 11·0252 morg, gehou kragtens Transportakte 10225/57, gedateer 24 Julie 1957	Serwituut van waterleiding.
2. Gedeelte 20 (gedeelde van Gedeelte 3) van Aan de Olifantsrivier 305, albei in die afdeling Vanrhynsdorp, groot twaalf (12) morg, 43,912 vk vt, gehou kragtens Transportakte 2074/63	Serwituut van waterleiding.

8-15-22

No. 3043 8 Augustus 1969

KENNISGEWING VAN ONTEIENING OF TOEEIENING VAN REGTE KRAGTENS ARTIKEL 60 (2) (a) (ii) VAN DIE WATERWET, 1956 (WET 54 VAN 1956), SOOS GEWYSIG BY WET 71 VAN 1965

Hierby word kragtens die bepalings van artikel 60 (2) (a) (ii) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), soos gewysig, bekendgemaak dat die Minister van Waterwese, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel 60 van genoemde Wet, besluit het om die volgende regte op die grond hieronder genoem te onteien of toe te eien in verband met die Oranje-Vistonnelstaatswaterskema.

Die Kennisgewing van Onteiening of Toeëiening van die regte is per geregistreerde brief, gedateer 25 Junie 1969, aan die geregistreerde eeienaar beteken en genoemde regte gaan drie maande na die datum waarop die kennisgewing die eienaar bereik, op die Staat oor.

Beskrywing van grond	*Regte onteien of toegeëien*
Gedeelte 2 van Tweefountainen 11, afdeling Steynsburg, groot 973 morg 119 vk rde, gehou kragtens Transportakte 14599/68, gedateer 11 Julie 1968	Serwituut van okkupasie.

8-15-22

DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS

No. 3042 8 August 1969

NOTICE OF EXPROPRIATION OR APPROPRIATION OF RIGHTS IN TERMS OF SECTION 60 (2) (a) (ii) OF THE WATER ACT, 1956 (ACT 54 OF 1956), AS AMENDED BY ACT 71 OF 1965

It is hereby notified, in terms of section 60 (2) (a) (ii) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), as amended, that the Minister of Water Affairs has, by virtue of the powers vested in him by subsection (1) of section 60 of the said Act, decided to expropriate or appropriate the following rights over the land described hereunder in connection with the Olifants River Government Water Scheme.

The Notice of Expropriation or Appropriation of the rights was served by registered letter dated 16 July 1969, on the registered owner and the said right shall vest in the State three months from the date on which the notice is received by the owner.

Description of land	*Rights expropriated or appropriated*
1. Portion 104 (portion of Portion 72) of Bird Field 306, measuring 11·0252 morgen, held by Deed of Transfer 10225/57, dated 24 July 1957	Servitude of aqueduct.
2. Portion 20 (portion of Portion 3) of Aan de Olifantsrivier 305, both in the Division of Vanrhynsdorp, measuring 12 morgen, 43,912 sq ft, held by Deed of Transfer 2074/63	Servitude of aqueduct.

8-15-22

No. 3043 8 August 1969

NOTICE OF EXPROPRIATION OR APPROPRIATION OF RIGHTS IN TERMS OF SECTION 60 (2) (a) (ii) OF THE WATER ACT, 1956 (ACT 54 OF 1956), AS AMENDED BY ACT 71 OF 1965

